DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Redaksioneel

BETROKKENHEID

Die verandering in die groter samelewing noodsaak nie net verandering in politiek, ekonomiese beleid en ‘n veranderde blad nie, maar ook in denke, houding, betrokkenheid en apatie. Dit is ons visie dat alle jeug geïnspireerd mag voel om aktief betrokke te raak by die olielamp. Apatie vanaf Johannesburg is vir die eerste keer nou finaal die nek ingeslaan deur ‘n medewerker te wees van die olielamp.

Die olielamp is nie net vir ‘n selektiewe groepie in die jeug nie, maar spesifiek vir jou en jou eie behoefte. Onthou asb. om jou meningspeilingspapier in te handig by jou betrokke redaksie sodat ons in jou behoeftes kan voorsien.

Die olielamp strewe daarna om ‘n gebalanseerde en relevante jeugblad te wees, wat almal sal opbou in geloof. Hierdie blad bied jou die geleentheid om jou mening te lug. ‘n Manier om mense betrokke te kry is om ‘n positiewe lewendige debat oor relevante sake aan te moedig. Jou houding kan die verskil maak. Aksies praat harder as woorde!

Esther Kuyvenhoven

INHOUD

Uit die Woord	Die goeie Herder	Jan Reyneke	2
	Christus as hoof van die Kerk	Eric Raimond	3
	Wat is dit om vrye gereformeerdes te wees?	Jaco Haak	5
	Die stryd van kerkwees vandag	Theo de Vries	6
Oppad	Sport	Johann Reyneke	9
	Alternatiewe geneeskunde	Leon Byker	9
	Selfmoord gebeur ook by ons	Esther Kuyvenhoven	11
Voel jy so?	Hoe hanteer ek die dood	Richard de Vente	12
	Wanneer word die Here groter werklikheid in ons lewe?	Johan Snyman	13
Rehobot	Deur die sleutelgat		13
	Ons nuwelinge	Maartje Eefting	14
Rondvraag	Gedig: Omdat niemand weet nie		16
	Kennisgewing		16

DIE GOEIE HERDER

Jan Reyneke

"Daardie sappige groen happie daaronder sal regtig die moeite werd wees om te kry!" 'n Mens kan jouself voorstel dat 'n skaapooi op 'n berghang dit vir haarself kan sê. "Net 'n bietjie nader en 'n sprong en ek het dit." Maar om terug te draai is nie so maklik nie. Dis baie makliker om van die rots af te spring as om terug te spring. Nou is sy gestrand op 'n dun rotslysie waar daar geen ruimte is om vorentoe of agtertoe te beweeg nie. Agter haar is die hoë rots en voor haar die steil afgrond. Hier moet sy bly, ten spyte van al haar pogings om haarself te red. Sal iemand haar dalk raaksien? Sy kan vir dae daar lê voordat die herder daar verbykom en haar kan red.

Wanneer die herder haar die eerste keer sien, wend hy geen poging aan om haar te red nie. Al wat hy doen is om besorgd in haar rigting te kyk. Die volgende dag gaan hy weer by haar verby sonder om iets te doen. Dit lyk asof hy die arme skaap daar gaan los om van honger te sterf.

'n Paar dae later keer die boer terug, en teen hierdie tyd is die skaap so swak en desperaat dat sy blêr asof haar hart wil breek, soos wat sy om hulp roep. Die herder het tot nou toe gewag om daardie blêr te hoor. Hy weet dit is nou die tyd om haar te hulp te snel. Het hy vroeër gegaan, sou sy nog iets vir haarself kon doen, en dalk uit vrees vir hom oor die afgrond na haar dood spring. Nou het haar patetiese blêrstem egter die herder oortuig dat sy volkome oorgelaat is aan sy genade.

Die herder het twee toue daarvoor saamgebring. Hy bind die punt van elke tou rondom 'n rotspunt reg bokant die plek. Dan laat hy homself soos 'n wafferse bergklimmer met die een tou na benede sak van die een rotslysie na die ander totdat hy die skaap bereik. Daar lê sy, 'n hulpelose bondeltjie. Nou bind hy die tweede tou styf om haar vas. Nadat hy homself na bo getrek het, trek hy die skaap versigtig na bo. Groot is sy blydskap as hy haar veilig terug het, en net so groot sal sy sorg oor haar wees totdat sy weer haar krag herwin het.

Die herder het natuurlik baie ander skape. Waarom waag hy dan sy lewe vir hierdie een? Omdat haar blêr hom geen ander keuse gelaat het nie! Sy behoort aan hom. Wie anders sou bereid wees om te gaan? Net hy sou dit waag, want dit was sy verantwoordelikheid om haar te red.

Gelowiges in die Here Jesus kan hulleself deur hulle dwase afdwalinge in situasies laat beland soos daardie arme skaap. En dan dink ons miskien die Herder is te stadig om ons te hulp te snel. Dit lyk asof Hy die redding uitstel. Eintlik

Redaksies:

Pretoria:
Redaktrise: Marieke de Wit
(sedtdw@persetel.co.za)
Sekretaresse: Iemke Buenk
Penningmeester: Johan Moes
Lede: Rinus Kamphuis
Tineke de Vries
Tegnies: Bijker Broers (dieolielamp@usa.net)

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@getafix.ef.techpta.co.za)
Penningmeester: Gerjan Hagg
Lede: Annemarie de Vente
Axel Hagg

Kaapstad:
Artikelversorging: Dirk Boon
Erik van Alten
(luctor@ilink.nis.za)
Finansies: Christine v/d Linden
Mirjam Raimond
Bladuitleg: Maartje Eefting

Johannesburg:
Redaktrise: Esther Kuyvenhoven
(secuplus@global.co.za)
Lede: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Marie-Louise Kuyvenhoven

Ons hoop om *Die Olielamp* 8 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar is by die volgende tydelike internet adres: *http://members.tripod.com/~wapenrusting/*

Koste: R35 per jaar

wag Hy net om die blêr te hoor, die gebroke stem, want dit vertel Hom dat ons by ons einde gekom het. Dat ons net na Hom kyk vir redding. Hulle wat nog op hulleself vertrou is nie gereed vir God se ingryping nie.

"*Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees*." (Psalm 34:19.)
"*En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart*." (Jeremia 29:13.)

(Uit "In the shadow of Aran", verhale van die plaaslewe in Noord-Wallis deur Mari Jones.)

CHRISTUS AS HOOF VAN DIE KERK

Erik Raimond

Inleiding
Jeugvereniging Rehoboth (Bellville) behandel hierdie semester die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die eerste paar weke het ons gekyk na die Kerk. Uit hierdie artikels het ons gesien dat die Kerk 'n versameling is van almal wat hulle volle saligheid in Christus verwag, in sy bloed gewas is en geheilig en verseël is deur die Heilige Gees.

Kortliks is die Kerk dus almal wat hulle verlossing alleen van Christus verwag. En aan die hoof van hierdie Kerk staan die Verlosser (Christus) self. En die Vader self het Christus aangestel as hoof van sy Kerk:

En Hy (God) het alle dinge onder sy (Christus) se voete onderwerp en Hom as hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee (Efes 1:22)

Christus is dus die hoof van die Kerk. Wonderlik. Hy beskerm en bewaar sy Kerk. Fantasties.
En verder? Kyk na die Kerke om ons. Dit wankel. Wankel? Dit val in mekaar!
En by ons kerk? Gaan dit beter? By ons is daar ook onmin, ongelukkigheid en ander probleme.

Wat is die betekenis van Christus as hoof van die Kerk?

Duur gekoop...
Ja, ook ons gemeente is maar gebrekkig. Die vermaninge van Paulus aan die gemeentes in die apostoliese tydperk na Christus se hemelvaart is ook nog op ons gemeente van toepassing, 2000 jaar later. Maar ons Hoof het sy kudde duur gekoop. Hy het sy eie lewe daarvoor gegee. Daarom is die gemeente baie kosbaar vir hom.

Want julle is duur gekoop.(1Kor. 6:20)

Die Kerk is 'n onmisbare gawe van Christus...
Christus besef dat ons nie alleen kan staande bly in hierdie wêreld nie. Daarom gee hy vir ons die Heilige Gees en die gemeente. Ook die gemeente is 'n gawe van Christus. Ons kan dit duidelik sien uit Efes 4:16:
..in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is naamlik Christus, uit wie die hele liggaam - goed saam gevoeg en saam verbind deur die ondersteuning van elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.

Christus werk met die Heilige Gees deur die Woord in sy kudde. Ook onderling dien die lede mekaar met hul gawes. Ons kan dus sê dat die kerk die werkakker van Christus is.

Hierdie Kerk word gekoester en gevoed deur Christus:
Christus voed en koester sy kudde. Efes 5:29 : *"...want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente."*

> Christus is die hoof van die liggaam wat saamgevoeg is uit verskillende lede wat saam verantwoordelikheid dra vir die groei daarvan, en opgebou is in liefde.

Is daar iets wat u meer koester as u eie liggaam? Só koester en voed Christus ons, sy gemeente. Hierdie sorg van Christus vir sy gemeente kan ons duidelik sien uit die briewe in Openbaring wat Christus self aan die sewe gemeentes (en ook ons) stuur. Hiermee wil Christus ons wys dat hy presies weet wat in

die gemeentes gebeur, en dat hy besorg is daaroor

Opsieners in die gemeente
Om hierdie rede het die opsieners (d.w.s. die Kerkraad) van die gemeente 'n groot verantwoordelikheid gekry. Hulle sal self eendag verantwoording voor Christus oor hulle sorg vir sy duur gekoopte kudde moet doen.
Gee dan ag op julleself en op de hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het - (Hand.20:28)

Koning oor die hele aarde
Bostaande dinge het alles direk betrekking op die Kerk. Maar Christus is ook as hoof gestel oor die hele aarde. Paulus skryf dit so pragtig aan die gemeente in Kolossense:

En Hy is voor alle dinge, en in hom hou alle dinge in stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles eerste kan wees.

Christus hou ook die wêreld in stand. Niks gaan buiten Hom om nie. Wat 'n wonderlike troos vir sy gemeente! Ondanks al die sekularisasie om ons heen, mag ons tog weet dat Christus in beheer is van alles.

Christus as Hoof van die VGKSA
Christus voel vir ons so ver. Ons het niks sigbaar waar ons aan kan vashou nie. Christus praat nie meer so direk met ons nie. Hoe weet ons dat hy nog in beheer is van die kerk en die wêreld?

Ook hier kan die Bybel ons iets leer. Kyk na Elia in die tyd van Agab. Dit was seker die donkerste tyd in die geskiedenis van die volk Israel. Dit was so erg dat selfs die profeet Elia moed opgee met die volk. Dan wys die HERE Elia daarop dat Hy nog sewe duisend in die land laat oorbly:

al die knieë wat nie voor Baäl gekniel en elke mond wat hom nie gesoen het nie. (1Kon 19:18)

Ons sien ook nie altyd die werk van die Heilige Gees raak nie. Ons kyk dit baie keer mis. Kyk byvoorbeeld na ons kerke hier in Suid-Afrika. 'n Paar jaar gelede het ons 'n hele paar vakatures gehad. Ons het met 'n verdere dilemma gesit dat ons kerke al hoe meer ver-Afrikaans het sodat al hoe moeiliker geraak het om Nederlandse predikante hierheen te bring. En daar bring die HERE uit die mees onverwagse hoek vir ons 'n oplossing deur vir ons predikante uit die NG Kerk te stuur wat die ware Woord verkondiging soek. Ook in die groei in die sendings werk van ons kerke moet ons die werk van Christus raak sien.

Christus as Hoof van jou!
Die gemeente word ook vergelyk met 'n liggaam waarvan Christus die hoof is. (Efes 4:15) Hierdie hoof sal ook eendag verantwoording eis van die lede. Was hulle wel gewillig om hulle gawes tot nut en opbou van die ander lede aan te wend?

Dit bring groot verantwoording mee binne die Kerk van Christus. Ook van u gaan Christus verantwoording eis.
Was u 'n lewende steen in die bouwerk van sy koninkryk?
Of was u *'n slegte boom wat uitgekap, en daarna in die vuur gegooi word!* (Mat 3:19)

'n Pragtige opsomming.
Petrus vat dit wat ek verduidelik het in hierdie artikel so mooi saam. Hiermee wil ek dan ook afsluit.

"Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus (1 Pet 2:4,5

WAT IS DIT OM VRYE GEREFORMEERDES TE WEES?

Jaco Haak

Ek dink as jy ‘n buitestaander, wat bewus is van die VGK en al ‘n keer ons eredienste bygewoon het, vra na een van ons mees opvallende kenmerke, sal hy hoogswaarskynlik sê ons pepermunt geëetery tydens die erediens.
Tog is daar vele ander, miskien minder opvallende, maar tog meer belangrike punte wat genoem moet word. As 'n mens begin praat oor hierdie onderwerp sal mens onbewustelik tog by die vraag uitkom : Hoekom VGK, hoekom nie NG, Dopper, AGS ens. nie?

Ek wil tog nie op die verskille ingaan tussen die kerke nie, maar later 'n paar eienskappe uitlig wat eie moet wees aan 'n VGK lid en wat hom of haar anders maak.

As iemand bewustelik 'n keuse gemaak het is dit maklik vir die persoon om die vraag van die onderwerp te beantwoord. Maar vir iemand, soos ek, wat 'n gebore vrygemaakte is en opgegroei het in die VGK is dit nie so maklik om een of twee bladsye vol te skryf nie, maar laat ek probeer.



Kenmerke
Hier volg 'n paar punte wat ek dink ons bewus van moet wees en ons moet laat uitken as Vrye Gereformeerdes.

- Ons moet van ons sondige aard oortuig wees. Ons is sondig en nietig en is totaal afhanklik van onse Hemelse Vader. Ons moet ook berou hê oor ons sonde waarvoor ons self gekies het. In dieselfde asem moet ons versterk word in ons geloof in ons Here Jesus Christus, soos ons Hom ken uit die woord van God, die Bybel.

- Ons moet ons weerhou van die wêreld se begeertes, alhoewel ons tog keer op keer daarin val (Rom. 7:17-23). Ons moet 'n diepe verlange kry na die belofte van die Evangelie en ook nie versuim om die Evangelie te verkondig in jou alledaagse omgang met mense nie. Ons moet opstaan vir Hom, want as ons dit nie doen nie, verloën ons vir God.

- Ons moet rekening hou met die Skrif, waardeur ons graag wil gaan doen wat Christus van ons vra en eis (1 Joh. 2:3-6). Sien ook Ef. 5:10-11.
  Ons wil dit ook doen uit dankbaarheid vir God se genade vir ons, wat ons geensins verdien het nie. Ons moet groei in geloof tot Hom, om volmaak te wees.

- Ons moet ook naby God se waarheid gaan en **bly** lewe en die dwalinge raaksien en verwerp.

- God en ons naaste leer liefhê, nederig word en die vrug van die Gees (Gal.5:22) openbaar in ons omgang met mekaar, in ons verhoudings, vriendekring en in ons hele lewe. Dat dit tot eer en verheerliking van God is!

Ons sien dat dit nie vir ons genoeg is om net verstandelike kennis oor God te hê nie. Ons moet as gelowiges besield wees met God en ons moet 'n onuitblusbare verlange hê na Hom.

Ons moet die volle waarheid aanhang
As 'n mens nou so na die vyf punte kyk sal jy nie sê dat die punte **net** spesifiek eie is aan 'n VGK lid nie. En dit is ook so.
Wat ek dink ons verskillend maak van sekere ander kerke, lê daarin dat ons nie op die een kenmerk meer klem moet lê as die ander nie. Byvoorbeeld, as ons baie nadruk gaan lê op die vrugte van die Gees en nie baie bekommerd is oor ons volgehoue sonde en sondige aard nie, is ons fondasie verkeerd. Juis vanuit ons berou oor ons sonde moet ons ons verwonder oor die verlossingsplan wat volbring is deur Christus.

Dan sal ons ook uit dankbaarheid gaan lewe. En as ons uit dankbaarheid gaan lewe, sal ons die vrugte van die Gees dra. As dit nie so is nie, dan doen ons net goeie werke om jou eie lewe te versier en vir selfverheerliking, en doen jy dit beslis nie tot eer van God nie.

Net so is dit ewe belangrik dat jy nie twyfel in die onfeilbare Woord van God nie. Weereens, as ons hierdie punt ondergeskik maak aan die ander, verloor ons onderskeidingsvermoë en kan ons sommer 'n dwaalleer aanhang.

Daarom is alle kenmerke ewe belangrik en mag nie net een uitgelig en die ander verwaarloos word nie.

Ons moet nie skaam wees om Vrye Gereformeerdes te wees nie maar dankbaar wees dat ons mag deel wees van hierdie kerkgemeenskap. Hierdie kerkgemeenskap is 'n versameling van sondige en swakke mense wat uit dankbaarheid vir God se genade wil lewe vir Hom.

DIE STRYD VAN KERKWEES VANDAG

Theo de Vries

"Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk… (art. 27 NGB); aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daar buite geen saligheid is nie …; almal is verplig om daarby aan te sluit …(art. 28 NGB) "

Ja, dis reg, dit bely jy ook Sondae in die kerk, vereniging, katkisasie ens. Maar kan jy dit bely voor sataniste, ateïste, ongelowiges, sektes, die valse kerke, medeleerlinge op skool/universiteit, klasmaats, jou vriende, jou beste vriend…? Dit raak al hoe moeiliker nê?

Nee, natuurlik kan jy dit nie doen nie! 'n Kerk bring jou mos nie in die hemel nie, solank jou verhouding met Christus maar reg is. Hoe kan 'n kerk homself die enige ware kerk noem as hy vol sondige mense is? Dis vir my 'n baie hoogmoedige houding, hoe kan jy ander kerke beoordeel, jy kan mos nie in mense se harte kyk nie?! Dus solank jy in die ware kerk is, is alles reg en kan jy maar terug sit?! Julle klink vir my eerder na 'n valse kerk as enige iets anders!

Ja, terwyl jy terug sit en geniet van die veilige en gerusstellend idee dat jy in die ware kerk is, het die duiwel beslis nie stil gesit nie! Waarvoor anders die opdrag om te bewapen en die goeie stryd te stry? (Ef. 6)

Maar wat is die enige ware kerk?

Dis 'n instelling van Christus self
Mat. 16:18 "op hierdie rots sal ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." Paulus noem die kerk "die gebou van God", "die tempel van God" in wie die "Gees van God woon". (1Kor. 6:15,19)

God versamel Sy Kerk
Die goeie Herder Christus het Sy lewe afgelê vir Sy skape en versamel hulle nou tot een kudde. Daar beskerm, vertroos en voed Hy hulle, want daar buite is roofdiere, honger en die dood. God versamel dus Sy kudde vanaf die paradys tot by die wederkoms, die duiwel kan dit nie oorweldig nie.

"as daar slegs één ware kerk is, is al die ander kerke wat nie daaraan deel het nie vals, of ons skiet te kort in ons opdrag van eenheid soeke"

Ons moet ook vergader
Christus roep ons nou ook op om as eenheid saam te kom. Die kerk is nie een-een uitverkorenes oor die hele aarde versprei wat almal dieselfde glo nie. Nee, hulle fungeer as 'n eenheid saam, en moet altyd streef om 'n eenheid te wees. Elkeen is verplig om by die ware, sigbare kerk aan te sluit. Joh.17:12 "dat almal een mag wees, net soos U Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U my gestuur het." Kyk ook hoe die Bybel die kerk noem: die bruid van Christus, vrou van God, die liggaam van Christus, of die huis van God.

Die sigbare en onsigbare kerk

Die onsigbare kerk
Die onsigbare kerk is alle uitverkorenes, dié wat God voor die grondlegging van die wêreld as Sy kinders uitverkies het, en vir wie Christus Sy lewe afgelê het. Dit is dus die volgende mense:
a) Die gelowiges wat reeds gesterf het en triomferend met Christus in die hemel is.
b) Die gelowiges in valse kerke of in geen kerk, die skape wat van die kudde afgedwaal het.
c) Alle ware gelowiges in die ware, sigbare kerk.



Sien art. 27 NGB: *"Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig."*

Die sigbare kerk
Die sigbare kerk is al die mense oor die wêreld wat bely dat hulle een God en Christus dien. Deur die doop word hulle ingelei om in Hom te glo. Deur die nagmaal getuig hulle van die eenheid in die ware leer en liefde. In die Woord van God is hulle eenstemmig en bewaar die diens wat deur Christus ingestel is, vir die verkondiging van hierdie Woord (Calvyn). In hierdie kerk kom daar egter ook huigelaars voor, die wat slegs voorgee dat hulle God met 'n opregte hart dien. Omdat hul werke en lewe vir ons oë verborge is, sal hulle deur God geoordeel word. Almal wat dus God volgens Sy Woord reg dien, sakramente en tug reg gebruik en dit ook so in hul lewe wys, moet as een, sigbare kerk saam verenig wees en gemeenskap daarmee beoefen.

Die onsigbare kerk word geopenbaar in die sigbare kerk.
Ons glo nou dat die onsigbare kerk haar sigbaar maak in **EEN** sigbare, ware kerk. Die sigbare kerk kan dan uitgeken word aan die regte woordbediening en gebruik van die tug en sakramente. Een kerk i.t.v. die leer en lewe van die lidmate .

Foutiewe denke
Die foutiewe denke oor die kerk is dat alle ware gelowiges in afsonderlike kerke, saam die een ware kerk vorm. Met die kerk word dus alleen die onsigbare kerk bedoel, want daar is geen ware kerk in die wêreld nie a.g.v. die sonde van die mens. Solank jy in jou kerk maar aan die groepie "ware gelowiges" behoort dan is alles reg en behoort jy mos aan die bruid van Christus.

Vanuit dié denkwyse kan 'n mens verstaan hoekom die kerk nie so belangrik is nie.

Waarom slegs EEN ware kerk?
Maar hoekom is dit dan so belangrik dat daar net een ware kerk is, word dan gevra. Want, sê Christus, die kudde wat Hy versamel, beskerm, vertroos en voed moet sigbaar wees vir ander verdwaalde skape, sodat hulle nie miskien in 'n valse kudde kom en so gevaar loop om verlore te gaan nie. Dus: deur een ware kerk daar te stel wys Christus vir almal waar Hy werk en Sy kudde versamel, sodat ons daar die ware woordbediening, regte gebruik van die tug en sakramente kan gebruik. Van ander kerke moet dus gesê word dat daar geen saligheid te soek of te vinde is nie, dis lewensgevaarlik om jouself in vervalste leer of lewe te gaan begewe. (die kerk is mos 'n plek waar ons gemeenskap met mekaar mag hê?) Die skape kan die ware kudde uitken aan die stem van die Herder, dit is die woordbediening, sakramente en tug. Die doel om jou kerk te bely as ware kerk is nie om

hoogmoedig te wees nie, maar om ander gelowiges uit die vuur te red!



Jou opdrag in die ware kerk

Verstaan jy nou die groot verantwoordelikheid wat ons het indien ons onsself die ware kerk noem? Ons mag die ware Woord nie vir onsself hou nie, maar moet dit na buite uitdra sodat die verdwaalde skape dit mag sien en die stem van die Goeie Herder herken. Om ware kerk te wil wees is nie om alleen die ware kenmerke te hê nie, maar ook om dit in ons lewe na buite uit te dra, sodat ander dit mag sien en die kerk mag groei. Wat ‘n troos om te kan weet ek is in die ware kerk wat Christus versamel, maar wat ‘n verantwoording en opdrag het ons nie nou om die Woord uit te dra nie. Om in die ware kerk te wil wees is harde werk, ja selfs stryd om Christus se kerk te vergader! Ons opdrag is kerkbou!

‘n Christen wat tevrede is met homself, is nie ‘n ware christen nie, hy is ‘n “gearriveerde”

Die gevaar van ware kerk wees

Tog is daar nog baie gevare in die ware kerk, satan wil dàár verwoes waar Christus bou. Ons is baie keer geneig om ‘n gevoel van hoogmoed en tevredenheid te ontwikkel; laat ek dit verduidelik met die woord “gearriveerdheid”: ek het nou in die ware kerk gekom, of ek is hier want my ouers het my hierso opgevoed, alles is dus reg en ek mag seker wees van my saligheid. (jy moet tog glo dat jyself uitverkies is?) Ja, as God sê Hy versamel Sy kerk kan ek as sondige mens mos nie daarmee inmeng nie, Hy sal mos al die verlore skape op Sy tyd by die kudde bring? Wat? Nog stry vir die kerk van Christus? Is jy mal, jy’s dan klaar in die ware kerk? Jy maak die lewe net moeilik vir jouself. Ai, die “christelike verskonings” wat ‘n mens darem kan uitdink sodat alles in die kerk maar volgens jou behoeftes pas. Lekker gemaklik.

God wil nie alleen kerkbou nie, nee, Hy wil ons as sondige mense gebruik in die taak; deur middel van die Heilige Gees word ons bekwaam gemaak om dit te kan doen. Geen tevrede, lui mense in Sy werk nie, maar aktiewe, gewillige arbeiders word gevra! Kerkbou is ‘n heerlike taak en voorreg wat ons gekry het, dit versterk ons wapenrusting en bou ons op sodat ons al hoe meer weerstand teen die sonde kan bied en dit kan oorwin. Die werk gaan aan, God sal altyd sorg dat daar ‘n kerk vir Hom is. Kan ons nou al die vurige pyle van die satan in die inleiding afweer?

SPORT

Johann Reyneke

In vandag se dae - en veral in Suid-Afrika - is sport nie net sport nie, maar ‘n werk! Nou wil ek die vraag vra. Is dit reg? Kan ons sport as ons werk beskou? As ons goed genoeg is, moet ons daarvoor gaan. Al beteken dit dat ons op Sondae sport moet beoefen? Kan ons vermaak gebruik om geld te verdien?

Al wat ons kan doen is om na die Bybel te gaan kyk. Die vierde gebod: Gedenk die Sabbat dat jy dit Heilig. Ses dae moet jy al jou werk doen en die sewende dag moet jy geen werk doen nie.

Die antwoord is dus eenvoudig en duidelik, maar nou moet ek ook nog ‘n vraag vra. Is dit dan nog reg om op Sondae na sport te kyk? Sport is tog daar vir die toeskouers. Sportmanne en vroue verdien tog geld, dus is dit hulle werk. Moet ons hulle dan nog ondersteun? Antwoord self daardie vraag en skryf of bel my, dan kan ons daaroor as medegelowiges gesels.

Tel: (011)956 6841

Posbus 817
Rant -en-Dal
1731.

ALTERNATIEWE GENEESKUNDE

Leon Byker

Inleiding tot die Nuwe era Beweging
Babilon, ‘n sinoniem vir alles wat sleg en korrup geraak het, ‘n naam wat ‘n mens onwillekeurig aan seksuele losbandigheid en aan Godsverlatenheid en goddeloosheid laat dink. Babilon is deur Nimrod, Noag se agterkleinseun en sy beeldskone, maar sedelose vrou, Semeramis, gebou. Met Nimrod se ontydige dood, het die toekoms vir sy vrou nie baie rooskleurig gelyk nie. Om haar toe te beskerm het sy die storie versprei dat Nimrod nie regtig dood is nie, maar slegs verhuis het na ‘n hemelse tuiste, waar hy en die ander gode heers.

Sy het sodoende ‘n valse godsdiens begin ontwikkel. Die klem het gelê op haar veradelde geestelike grootsheid, haar bonatuurlike magte en haar ongelooflike skoonheid. Sy was bekend as die Koningin van die Hemel en het haar volgelinge belowe dat as hulle haar volg, hulle bonatuurlike gebeurtenisse sal ervaar en rykdom sal ontvang en seksuele ekstase sal beleef. Dronkenskap, plesier, seksorgies en geheimsinnige satanistiese leerstellings het haar godsdiens gekenmerk. Die praktyke van babilon maak vandag weer hulle verskyning in die Nuwe Era Beweging.

‘n Mens sien dit in die leuen wat so maklik verkondig word dat ‘n mens homself god kan word. Dit word tot die internasionale TV soos: “the Operah Winfrey show” versprei. Op die gebied van geneeskunde steek die Nuwe era Beweging ook sy kop uit. Die Babiloniers het in hulle genesings rituele weggestap van die konvensionele genesing, na die geloof dat ‘n siekte deur ‘n wanbalans in die geestelike kragte veroorsaak. Dit is oorgedra na vandag se geloof. Die Nuwe era geneeskunde is ‘n kombinasie van bedrog, geheimsinnigheid, geestekragte en okkultisme!

Baie mense glo verkeerdelik dat alle alternatiewe behandelings natuurlike of kruie behandelings is. Daar is niks verkeerd met kruie behandelings nie, wat Godgegewe eienskappe het nie. Ons moet egter waak teen geneeskunde wat nie wetenskaplik bewys kan word nie, dinge soos energiestrome, verborge kragte en lewenskragte wat gebruik word vir genesing.

Hier is ‘n paar voorbeelde van Nuwe era geneeskunde en hul geestelike oorsprong:

Akupunktuur
Gebruik: Naalde word in verskeie plekke in die liggaam gedruk. Die geloof sê dat dit die natuurlike energievloei tussen die Yin en die Yan herstel. Oorsprong: Oosterse geloof: Taoïsme, hulle glo dat alles in die heelal ‘n balans tussen Yin en Yan het.

Bach-blomgeneesmiddels
Gebruik: 38 geneesmiddels wat vanaf blomme afkom, word gebruik om die negatiewe gemoedstoestand te herstel. Oorsprong: ‘n Sogenaamde dr.Bach d.m.v. wiggelary tegnieke.

Homeopatie
Daar is belangrike misopvattings oor homeopatie.

- Dit maak van kruie genesing gebruik.
- Dat dit dieselfde as inenting werk.

Gebruik: Geloof dat elke kruie of mineraal ‘n gees bevat wat enige wanbalans in die lewensgees van die siek persoon kan herstel. Oorsprong: Ontdek deur ‘n duitser, Samuel Hahnemann - ‘n vrymesselaar en rosekruiser. Hy het beweer dat die siekte ‘n toestand is van wanbalans in die liggaam se lewenskrag. Dit verskil dus nie van die oosterse geloof van Akupunktuur nie. Baie homeopate erken nie die chemiese, maar geestelike eienskappe van hulle geneesmiddels.

Irodologie
Gebruik: Geloof dat elke liggaamsdeel met die iris van die oog in kontrole is. Dit toon dus enige siekte in die oog. Oorsprong: Dit is ‘n halfgebakte mengsel van die liggaamlike en die geestelike.

Kinesiologie
Gebruik: ‘n Pasiënt word ‘n klomp monsters voedseldele laat proe terwyl sy krag in sy arm getoets word. Sodra sy krag verswak met ‘n spesifieke voedsel, word die voedsel beskou as een wat sy lewenskrag verswak. Oorsprong: Die oosterse konsep van lewenskragte.

Kristalle
Gebruik: Kristalle word gedra om jou nek, daar word geglo dat die kristalle energiepatrone van God vibreer en so energie te verkry van God, om te genees . Dit dien ook as ‘n gelukbringer. Oorsprong: Babiloniese geloof van kristalgenesing.

Sjamanisme
Gebruik: ‘n Mens moet ‘n Sjamaan of toordokter gaan sien wat die toekoms d.m.v. kruie en sekere mengsels, klokke en rituele, op jou toepas om jou te genees. Oorsprong: Mongoliese volke in Asië.

Hoe kan ons dan sê dat dit sleg is as van die tegnieke werk? Wel satanisme en toorkuns werk ook. Die geneeskunde tegnieke mag suksesvol wees, maar teen watter geestelike prys?

SELFMOORD GEBEUR OOK BY ONS

Esther Kuyvenhoven

Wat is dit? Selfmoord is destruktiewe agressie op jouself gerig. In die VSA is dit die elfde mees algemene oorsaak van dood. Ongeveer 25000 pleeg selfmoord; ongeveer 250 000 poog om selfmoord te pleeg, dus 12,5 sterftes per 10 000 mense. Een uit elke 20 selfmoordpogings slaag.

Waarom skryf ek oor selfmoord? Het dit betrekking op ons? Ja, selfmoord kom die meeste voor by mense met ‘n protestantse geloof, ongetroudes, laat adolossente(18-21jr.) en blankes. Ons het al selfs in ons jeug daarmee kennis gemaak want van ons vriende het selfmoord gepleeg.

Wat sê die Bybel?
Daar is ‘n verskil tussen selfdoding en selfmoord. In die Bybel is die volgende voorbeelde: Simson - selfdood; Saul - pleeg selfmoord nadat sy wapendraer weier om hom te dood; Judas - selfmoord. Jy kry dus drie soorte selfmoord:

1. Die wens om te sterf.
2. Die wens om gedood te word.
3. Die wens om dood te maak.

Die 6 de gebod sluit selfmoord in. Jy mag nie jou eie lewe neem nie. Selfmoord is dus afkeuringswaardig. In Joh.10:10 sê Johannes dat dit ongehoorsaamheid is teenoor God , teen jou naaste en teen lewe. Christus het dan gesê: Ek het gekom om lewe te gee. Selfmoord beklemtoon dus die mag van die dood - Christus het tog die dood oorwin! God is die kenner van alle mense harte, Hy besluit of ‘n persoon verlore is of nie, dus die hele beginsel van ek mag nie my lewe neem nie kom hier duidelik na vore. In 1 Joh.4:18 sê Johannes die liefde verdryf alle vrees en omdat God ons eerste lief gehad het moet ons onsself lief hê.

Hoe identifiseer ek en jy dan selfmoord?
Ek vra myself die volgende vrae: Watter soort ondersteuningssisteem het die persoon? Is daar verhoogde selfmoordneigings tydens drankinname? Word die persoon mishandel? Is die persoon depressief? Verminder die persoon kontak met sy vriende en verlaag hy/sy plesier aktiwiteite? Hoe praat die persoon met jou, is hy/sy aggressief, woedend of onttrek hy/sy hom? Is hy/sy kwaad vir iemand en hoop om iets te bewys. Is die persoon impulsief en ongeduldig met hom-/haarself? Het hy/sy al vorige selfmoordpogings aangewend? Voel die persoon hy/sy het geen hoop nie?

Hoe kan ek en jy help?
Luister na die persoon. Moedig die persoon aan om sy gevoelens uit te druk. Moenie die persoon se pogings minimaliseer nie. Help die persoon om sy stres te verminder. Dit is ‘n mite dat mense wat dreig met selfmoord dit nie sal doen nie. Die wat daaroor praat doen dit dalk juis. Vermy om die persoon te straf. Ons mag nie oordeel nie. Help die persoon om nuwe doele te stel en bou veral aan sy selfbeeld. Sorg dat die persoon gesond eet en moenie nalatige opmerkings maak nie. Moenie die persoon alleen los nie. Hanteer die persoon soos enige ander persoon. Kry hulp by iemand professioneel sodat hulle die krisis kan vermy!

Bid veral vir hierdie mense en vra dat God hulle en jou naby sal wees. Bid ook dat jy paraat sal wees as een van jou vriende of jyself selfmoord wil pleeg!

HOE HANTEER EK DIE DOOD?

Richard de Vente

Ek dink die meeste mense ken my as "Oros" van die kongres en knapies-kamp. Ek is tans 'n Matriek leerling in Hoërskool Roodepoort. Die meeste van julle ken my nie so goed nie en weet miskien nie dat ek my ma verloor het nie. Sy het kanker gehad en is op 10 April 1997 oorlede in die intensiewe eenheid van Florakliniek. Ek was self nie by toe sy ons verlaat het nie. Ek is aan die eenkant bly dat ek nie daar was nie, maar aan die anderkant was dit nie vir my lekker om gebel te word en gesê te word dat my ma dood is. Probeer die skok indink.

Toe Esther my gevra het om 'n artikel te skryf, het ek dadelik hieraan gedink, omdat ek dit self deurgemaak het en dat daar ook nie baie oor gepraat word nie. Ek dink dit word as 'n sensitiewe onderwerp bestempel. Maar laat ek nou vir jou een ding sê: om te huil is een van die beste dinge om te doen, jy raak ontslae van al jou emosies en frustrasies. Moenie dink as jy huil dat jy as 'n "sissie" gesien sal word en dat almal jou gaan spot nie. Om al jou emosies binne in jouself te hou is die slegste ding om te doen, want eendag gaan dit jou tref en dan is dit baie erger as wat dit 2 of 3 jaar terug sou wees.

Dit in nou amper 'n jaar na my ma se dood en ek is nog nie oor die ding nie. Party kere lê ek in my bed en dink aan die begrafnis, dan word ek sommer weer van voor af hartseer. En jy dink jy sal oor dit alles kom, maar jy kom nooit oor dit nie, die pyn word net meer hanteerbaar.

Die dood kan enige van julle families tref, hoe jonk of hoe oud julle ook al mag wees. Ek dink aan daardie geval waar daardie jongman van Pretoria dood is in die motorongeluk, waar die families Van den Dolder en Hagg getref is. Dit verander jou hele lewe en gee jou 'n hele nuwe uitkyk op die lewe.

Daar word gesê dat 'n mens die verwerking van iemand se dood in fases moet hanteer en so sal jy vinniger daar deur kom. Maar net soos ons elkeen verskillende mense is, sal elkeen se verwerking van iemand se dood verskillend wees. Onthou niemand kan jou sê wat jy moet of mag voel nie. Dit is jy wat deur hierdie proses moet gaan.

Hulle sê om jou eggenoot te verloor is die ergste, nie dat die ander nie erg is nie. Ek is geneig om met hulle saam te stem, want jy verloor die helfte van jouself, en jy stap dus alleen in die slaapkamer in as jy gaan slaap. Jou beste maatjie is nie meer daar nie. Die een met wie jy alles gedeel het, bekommernisse en vreugdes, die een is nie meer daar nie.

Maar ons moet 'n anker kry, 'n rots wat ons sal dra. Anders begin verwyt en onbeantwoordbare vrae. Dan begin jy jou geestelike selfmoord. En ek kan sonder twyfel getuig dat God my Anker is. Ek was so besig met die wêreldse dinge en ek het van Hom begin vergeet. Hy het my bootjie kom skud en my terug geruk na Hom toe.

Maar dit is nog steeds nie maklik nie, kan dit net nou beter hanteer saam met Hom. Party Sondae as ons in die kerk sit en 'n Psalm sing wat ons op haar begrafnis gesing het, bly dit maar moeilik om saam te sing. Maar dit is sulke dinge wat jy nie kan vermy nie en maar moet hanteer.

As ek dan ook net vir die mense wat nog nooit iemand naby julle verloor het nie, raad kan gee. Moet nooit sê jy verstaan nie, want elke mens se situasie verskil en jy sal nooit kan verstaan nie. En al ken jy nie die persoon wat oorlede is nie, skryf vir die naasbestaandes 'n klein boodskappie van bemoediging. Dit beteken regtig baie en dit dra die mense deur die moeilikste tyd. Moenie wegskram omdat jy nie weet hoe om die situasie te hanteer of wat om te sê nie. Bid vir krag en God sal die woorde van bemoediging in jou mond plaas. Hy werk tog immers ook deur ons.

Almal van ons sal in ons lewe daarmee te doen kry, so daarom moet ons mekaar ondersteun en bemoedig. Dankie vir julle tyd. En as daar enige vrae is oor die amper "verbode" onderwerp in gesprekke kan julle my of my Pa skakel by (011) 768-3563, dan sal ons jou vrae beantwoord.

WANNEER WORD DIE HERE GROTER WERKLIKHEID IN ONS LEWE?

Johan Snyman

'n Voorbeeld

Wanneer twee verliefdes mekaar sien, gesels hulle vir ure aaneen sonder ophou en dan gaan die tyd mos altyd so vinnig verby! Julle kan net nooit genoeg van mekaar kry nie en geniet dit om in mekaar se teenwoordigheid te wees. Soos die verhouding ontwikkel, leer ken en verstaan julle mekaar beter en beter. Paartjies wat al op 'n meer intiemer vlak verkeer, voel onmiddellik aan dat sy maatjie nie lekker voel nie en dat daar dalk iets is wat pla. Hierdie moedeloosheid of konflik kan uitgesorteer word deur daaroor te gesels en 'n groot drukkie.

Ons verhouding met God

Net so staan ons in 'n verhouding met onse hemelse Vader. Deur gereelde gemeenskap met Hom, leer ken ons Hom beter en beter. Hierdie verhouding word dan ook meer intiemer en hegter. Wanneer ons op so 'n intieme vlak met Hom omgaan, word sy teenwoordigheid en leiding 'n groter werklikheid in ons lewe. Die stem van God word dan so duidelik dat jy verseker weet wanneer Hy met jou praat. 'n Bewys hiervan is in die evangelie, Johannes 10:4: "En wanneer Hy Sy skape uitgebring het, loop Hy voor hulle uit; en die skape volg Hom, omdat hulle sy stem ken."

Vir die persoon wat glo, lewe Jesus

Vir die persoon wat glo, lewe Jesus. Paulus het op pad na Damaskus met 'n skok ontdek dat wat hy as onsin beskou het, die werklikheid was. Hy het nie in Jesus geglo nie, totdat hy Hom ontmoet het en besef het dat Hy lewe (Hand. 9:1-6). Van daardie oomblik af wou hy Hom al beter leer ken en voortdurend met Hom omgaan (Fill. 3:7-11). Jesus se teenwoordigheid word ook deur die geloof belewe. Dit wat Hy in Matt. 28:20 ("En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.") beloof, word nog deur Christene vandag belewe. Toe 'n Christen by geleentheid in die tronk gegooi is omdat hy in God geglo het, het hy in 'n sel beland met 'n plakkaat wat sê: "God is nowhere". Toe hy dit sien val hy op sy knieë en sê: "Dankie, dankie." Die bewaarder vra toe waarvoor hy dankie sê en hy antwoord: "Omdat dít daar geskryf staan." Die bewaarder sê toe: "Maar wat daar staan is mos anders as wat jy glo." "Ja", sê die Christen, "maar jy lees dit net verkeerd. So moet jy dit lees: 'God is now here'." Hierdie Christen het deur die geloof die teenwoordigheid van die Here belewe.

Ons kan God net dank en loof dat HY 'n lewende God is, wat nie doof of stom is nie, maar wat luister en antwoord op Sy spesiale manier!!!

Rehoboth

DEUR DIE SLEUTELGAT

Na die opwinding van Kongres 1997 was dit weer tyd om party te hou saam met die klomp wat nie die Kongres kon bywoon nie! Ons sal nou nie Ernst en Riaan se name noem nie. Maar ek dink hulle was nogal bly om ons weer te sien. Om al die skinderstories te hoor, om vir al die nuwe paartjies wat gevorm het te lag en `n slag weg te kom van hulle girls (wat is die kanse).

So gepraat van paartjies, Erik was skaars weer in die Kaap, toe is hy terug Gauteng toe "vir die opening van die Teologiese Universiteit". Dit was seker die blyste wat Erik nog ooit was oor sy besluit om teologie te gaan swot. Dit sou nooit gebeur het as jy nog maatskaplike werk geswot het nie, nè! Maar hy sou definitief nog steeds gegaan het! Net om sy ondersteuning te gee en als(ha ha ha).

Net voor Erik se opoffering om Gauteng weer toe te gaan, was daar `n koffiedrink by Ernst se huis (Anél was ook daar). Riaan was laat, maar hy moes eers gaan pool speel. Die Koffie was koud en die swembad warm, maar andersins was dit `n reuse sukses. Vra al 8 mense wat daar was.

Die jeug het toe ook later vir Jacques in die moeilikheid gebring deurdat hulle sonder toestemming op die plaas wat hy opgepas het, opgedaag het. Jacques het sy toestemming gegee, maar Vriende van die tannie se oom se vyfde aangetroude vrou se oorlede pa se ex-kamermaat het onverwags opgedaag om te kyk dat hy nie moles maak nie. Net toe kom die jeug daar aan met hooters, fluitjies en allerhande ongereformeerde mannewales. Die persoon wat kom kyk het, was toe die volgende oggend blykbaar weer om 08:00 by die huis om seker te maak alles is deurmekaar. Maar duidelik ken hulle nie die jeug van die VGK nie! Die huis was perfek! Dis nie enige persoon wat dit kan sê nie.

Toe was daar natuurlik Theo se afskeids party. Ons het gelag, ons het gehuil, toe moes ons ry. Dit het Floris op die moeilike manier gedoen. “Van” het toe die jeug ook oorgenooi vir `n laaste koffiedrink.

Arme Maaike, ons kon duidelik haar gemengde gevoelens sien. Hartseer oor Theo wat weggaan, maar oor die maan, want `n sekere Buenke was in die Kaap (Die verkeerde een volgens Erik)! Maaike, ons wag in spanning om weer daai glimlag op jou gesig te sien.

Verder het `n voëltjie vir my kom vertel van `n sekere Mot (Ewart Antonides) wat blykbaar nou danslesse aanbied na hy homself geleer het hoe om te dans volgens `n Michael Jackson video.

Jaco Haak het nou begin uitdraf vir scales! Sy boul aksie is baie dieselfde as van Makaya Ntini! Hopelik is sy kolfaksie nie dieselfde nie.

Wel, die rooi liga waarin scales nou speel, het `n nuwe betekenis aangeneem. Hulle is almal rooi in die gesig nadat hulle daarin geslaag het om `n paar wedstryde te verloor in hierdie “liga sonder kompetisie”. Die besluit om te verloor is deur die hele span ondersteun, behalwe Floris wat glo dat spelers ten alle tye 100% moet gee of hulle moet glad nie speel nie. “Commitment Boys!” Maar Barend en Bendalt is nou blykbaar in `n hofsaak betrokke, want hulle het nie die nodige aansoekvorms voltooi om te mag verloor nie!

Die jeug het nou ook onlangs by Eerstesteen gaan braai. Dit sou eers by Tweedesteen gewees het, maar het toe besluit `n tweede keuse is beter as `n eerste keuse en het toe by Eerstesteen inplaas van Tweedesteen gaan braai. Gelukkig vir hulle, want daar was nie `n derde keuse gewees nie.

Na al die keuses, het `n paar van die jeug besluit om by Christine sokker te gaan kyk (sodra sy besluit het om die hek oop te maak)! Om te gaan was vir sommige `n makliker besluit as vir ander.

Wel, as gevolg van `n gebrek aan spasie en my eie luigeit, het ek besluit om nou op te hou. Sorry, but I gotta get outa here. Hasta la vista babe.

ONS NUWELINGE

Maartje Eefting

Dis ‘n goeie oesjaar dié jaar vir die JV Rehobot. Ons het 8 nuwe jongmense by. Dan is dit nog ‘n besondere groep ook. Oor die algemeen klink hulle heel opgewonde oor die Sondagse vergaderings en hulle verwagtings van die jaar is groot. Hulle hoop om saam met ons geestelik te groei. En hulle sien uit na die eerste kongres.

Toe ek hulle vra wat hulle van die JS dink, wou hulle by my weet wie dit is. (Die JS het hulself al die eerste aand bekendgestel, ouens!) Maar hulle dink in elk geval hulle behoort baie werk te hê en sê: sterkte!

om hul gewig oral in te gooi. Hulle is van plan om die jaar voluit te geniet.

Welkom aan Corrien, Antoinette, Sandra, Jaco, Arjan, Ewart en Maarten! Mag dit vir julle ‘n verrykende en betekenisvolle jaar saam met die res van ons wees. As julle dit wil geniet soos julle sê, moet julle betrokke raak en self ook inisiatief neem.

Mooi loop



Oor ontspanning was hulle baie verdeeld. Die een groepie wou weet wat dit is, die ander groep dink dis bietjie ongeorganiseerd en hulle wil nog steeds Leeukop klim en ‘n derde groep is weereens heel opgewonde oor die stand van sake.

‘n Talentvolle groep is hulle ook. Buiten die selfportrette om hulself bekend te stel, wil Sandra (die skryfster onder hulle) haar talente in die Olielamp oefen en die res is van plan



OMDAT NIEMAND WEET NIE

Omani

Sou jy dit kon hou
as jy wis dat
dié lieflingseuns
my gevat het rein en klein.

Sy hart vrottel vrot
my laat glo het dis ek;
Ek was bang:
Ek't nee gesê elke keer.

Oral om en oor my
maar ek weet daar's meer,
dis die tye, datums, feite,
getalle:
Waarheid.

Hoekom? Ek…
Die pyn is nou myne.
Hoekom nie?
Reeds tot vervelens toe
gekoester
so Hanteer dit want
dis deel van jou lewe.

Wegkruip
is 'n ewige illusie
Stop.
Kry perspektief in realiteit!
Dit was en is deel van die
raadsplan.

Daar's 'n beter toekoms
nou; God is steeds by jou.
Gryp dit aan, jou keuse…
Terapie vir verandering en
heling.

Daar's meer as haat
meer as hartseer
meer as wegkruip ván die
wêreld
meer as bangwees.

Jy kan dit nie altyd hou
God vergewe, jy moet ook
want daar's hoop!
Hy't vir my en ook vir Hulle
gesterf.
So moet my hart dit hou.

Vriende, familie moet
en help my steeds in die reis
van verandering.
Bowenal help God.
Ek voel veilig.

Konfrontasies afgehandel met
varke
dit was die moeilikste
want wat van die agterna
Hoe nou?

Ek probeer saam met God
Verandering is nie maklik nie
Ek's besig om van hooi
ontslae te raak
Een tree op 'n slag
al beteken dit 2 vir elke een.

My eie revolusie!
Ek is eindelik vry…
God help my.
Bid saam met my.